
# 115 Engelstemme sing gedurig




U, so ver en hoog verhewe, buig U tot ons neer?
Let U ook op al ons strewe om u Naam te eer?
Luister U nna ons gesange en verlange, liewe Heer?

U het ook ‘n welbehae in elk’ sterweling;
hand en stem het U geskape om U te besing.
Snarespel en lied dien beide om U lof en eer te bring.

Singend bied ons U op aarde lof en harmonie;
loof met hart en mond u waarde op geboë knie.
Luister nou met welbehae na ons soetste harmonie.

Eer en heerlikheid en sterkte aan Hom wat ons vrees,
God, die ewig’ Onbeperkte, Vader, Seun en Gees;
Hy allleen kan onse Koning en ons woning ewig wees.

Francis Pottt (1832—1909) Onbekend